

Groei volhoubaar met Bioflocs

Vanweë die globale klimaatsverandering is volhoubare landboupraktyke noodsaaklik. Akwakultuur dra grootliks by tot hulle naburige ekosisteem en elke poging om die impak van klimaatsverandering te verminder, is deurslaggewend vir die volhoubaarheid van die nywerheid en die omgewing.

Die behandeling van akwakultuur-afvloeiwat lewer nitraat as 'n byproduk wat bydra tot die eutrofikasie van waterliggame. Metodes wat die afvloeiwat tot volledig skadelose samestellings afbreek, is baie duur en behels gewoonlik verdunning van die afvloeiwat. Alternatiewelik kan biofloc tegnologie gebruik word om die probleem op te los.

Bioflocs is groepe heterotrofiese bakterieë, protozoa, rotifers en ander mikro-organismes. Bioflocs is in staat om stikstofsamestellings meer effektief te gebruik as die konvensionele metode waarin outotrofiese bakterieë gebruik word om totale ammonia stikstof (TAS), nitriete en nitrate te behandel.

Koolhidrate word in die stelsel gebruik om aktiwiteit van heterotrofiese bakterieë aan te moedig. Heterotrofiese bakterieë gebruik koolhidrate as 'n organiese koolstofbron en organiese stikstof om tot bakteriese bio-massa te assimileer. Met ander woorde, bioflocs gebruik stikstofafval uit die vis en koolstof uit stysel. Dit is 'n doeltreffende wyse om stikstofsamestellings uit die stelsel te verwyder. Die geakkumuleerde vastestowwe in suspensie kan maklik versamel word en tot formulevoedingstowwe verwerk word. Filtervoedende akwatiese spesies soos tilapia en garnale maak gebruik van bioflocs as voedsel. Die voedselverwerkingsverhouding (VVV) en die aanvraag na proteïene in die toegediende voedsel word verminder. Minder word ook bestee op die aankoop van voedsel en dit help die boer om meer wins te maak.

Vir meer besonderhede, kontak asseblief TT Sefike, tel. 021 808 5102, sel 071 6800 516, faks 021 808 5407/5319, e-pos: thabos@elsenburg.com